



1. KANTOOR GEBRUIK

Verkoopspersoon:	Selfoon Nr.	Telefoon Nr.
E-pos Adres	Datum	

2. KLIËNT SE BESONDERHEDE (Heg asb 'n afskrif van die ondersteunde dokumente aan)

Afriforum Tak		
Maatskappynaam		Kliënt Rek Nr.
ID/Maatskappy Reg Nr.		Maatskappy BTW Nr.
Titel	Voornaam	Van
Fisiese Adres		Kode
Pos Adres		Kode
Tel Nr. (w)	Faks Nr.	Tel Nr. (h)
Selfoon Nr.	E-pos Adres	
Versekeringsmaatskappy/Makelaar		Polisnommer
Faktuur Lewering	Pos <input type="checkbox"/>	E-pos <input type="checkbox"/>

3. BANK BESONDERHEDE (Heg asb 'n afskrif van bank besonderhede, resoluësie brief word vereis indien nie beginsellid van besigheid)

Rekeninghouer	Bank Naam	Takkode
Rekening Nr.	Tiepe <input type="checkbox"/> Tjek <input type="checkbox"/> Spaar <input type="checkbox"/>	Tak Naam

4. DEBIETMAGTIGING

Debiteer asseblief die bankrekening soos hierbo aangedui ten gunste van "Ctrack Holdings" of filiale met die totale bedrag verskuldig. Neem kennis dat 'n pro-rata bedrag bereken word vanaf datum van installasie tot die einde van die maand, waarna die normale subskripsie bedrag betaalbaar sal wees. Ek verkies die datum vir my maandelikse subskripsie as volg:

Datum van debietmagtiging	1ste <input type="checkbox"/>	7de <input type="checkbox"/>	25ste <input type="checkbox"/>	30ste <input type="checkbox"/>	
Naam van gemagdigde ondertekenaar	Datum	Handtekening van gemagdigde			

5. VOORKEUR INSTALLASIE REËLINGS

Installasie Adres					
Voorstad		Dorp		Poskode	
Installasie Tyd	<input type="checkbox"/> Oggend (8:00 – 12:00)	<input type="checkbox"/> Middag (12:00 – 17:00)	<input type="checkbox"/> Na-ure *	<input type="checkbox"/> Naweek *	
* Addisionele kostes en standaard Ctrack oortyd en vervoer kostes sal geld					
Plek	<input type="checkbox"/> Installasiesentrum	<input type="checkbox"/> Woning	<input type="checkbox"/> Besigheid	<input type="checkbox"/> Handelaar	

6. VERBRUIKER BESONDERHEDE

Verbruiker	Naam	Tel Nr.	E-pos Adres	Selfoon Nr.	ID Nr.
Primêre					
Sekondêre					
Tersiêre					

Volle naam van ondertekenaar en Aanwysing

Datum

Aanvaarding geteken deur
of namens die kliënt

	TX 10	SECURE	
	<p>TX 10 sluit die volgende voordele in:</p> <ul style="list-style-type: none"> Gesteelde Voertuig Reaksie (Inbel) 	<p>Secure sluit die volgende voordele in:</p> <ul style="list-style-type: none"> Internet-opsporing op Kaart (Ctrack Online) Mobiele Applikasie (Ctrack Mobi) “WatchMode”™ Bewapening E-Paniek Alarm Hoë-risiko Area Monitoring Reis verslagdoening (Kaart of Lys) SARS-voldoeningslogboek 	
AFRIFORUM LEDE PRYSE			
	<p>Per Voertuig:</p> <p>Kontant R1 150.00 R90.85 pm</p> <p>Huur R125.35 pm</p>	<p>Per Voertuig:</p> <p>Kontant R2 875.00 R177.15 pm</p> <p>Huur R245.60 pm</p>	

8. ADDISIONELE DIENSTE (per Voertuig)

Besigheid / Privaat afstandbeheer		
Kontant - (vooraf betaalbaar)	R763.35	
Huur	R22.05 pm	

9. BELANGRIKE INFORMASIE

<p>ALLE DIENSTE SLUIT DIE VOLGENDE IN:</p> <ul style="list-style-type: none"> 36 Maande Waarborg (Slegs CPA kliënte) Installasie gedurende normale ure GSM – ingesluit 2MB GPRS data 36 Maande Kontrak met 10% jaarlikse eskalasië <p>Alle pryse sluit BTW in</p>	Notas
---	-------

Volle naam van ondertekenaar en Aanwysing

Datum

Aanvaarding geteken deur
of namens die kliënt

10. VOERTUIG BESONDERHEDE

AFRIFORUM_V1.6_JUL 2020

Voertuig Reg Nr.	Maak	Model	Onderstelnummer	Kleur	Jaar	Produk	*internasionale area dekkings

11. VERKLARING

Die kliënt waarborg dat die bogenoemde inligting waar en korrek is en deur sy/haar/hul handtekening erken en stem in om hom/haar/hulle gebind te hou aan die terme en voorwaardes soos van toepassing op hom/haar/hulle. Die kliënt erken dat die produkte en die pryse voldoende verduidelik is. Die gemagtigde ondertekenaar/s hierby erken dat hy/sy/hulle behoorlik gemagtig is om die aansoek te teken. By hulle handtekening bind hulle hulself as borge en mede-prinsepaal debiteure saam met die aansoek ten gunste van "Ctrack Holdings" en Filiale.

*Verwys na 8.2

Volle naam van ondertekenaar en Aanwysing

Datum

Aanvaarding geteken deur
of namens die kliënt

<p>1 INTERPRETASIE</p> <p>In hierdie ooreenkoms:</p> <p>1.1 Klousule opskrifte is vir die gerief van die partye en mag nie gebruik word in die interpretasie van hierdie ooreenkoms nie.</p> <p>1.2 Tensy die konteks duidelik dui op 'n ander bedoeling, sluit 'n uitdrukking wat enige geslag aandui die ander geslag in, 'n natuurlike persoon sluit 'n regs persoon in, en omgekeerd, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, en die volgende uitdrukking het die betekenis soos hieronder aan hulle toegeken en verwante uitdrukkinge ooreenstemmende betekenis:</p> <p>1.2.1 "Aanvangsdatum" beteken die datum van die installasie van die produk, waar die datum bepaal word deur die datum wat verskyn op die installasie sertifikaat wat bevestiging is van die installasie van die produk.</p> <p>1.2.2 "Addisionele Koste" beteken daardie bykomende koste soos gelys in die bykomende koste prys lys wat op aanvraag beskikbaar gemaak sal word. Hierdie koste sluit in, maar is nie beperk tot die koste ten opsigte van die verwyder / herinstallering van die produk, enige vals alarms , voorval verslae, internasionale roaming , boodskap stuur , kaart en die verkeer fooie, werk buite normale kantoorure en uitroep fooie.</p> <p>1.2.3 "BTW" beteken belasting op toegevoegde waarde betaalbaar in terme van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde No. 39 van 1991 (soos gewysig).</p> <p>1.2.4 "Besigheid / Privaat afstandbeheer" beteken daardie toestel wat die gebruiker toelaat om die afstand van die roete te berg en te onderskei tussen Besigheids of Privaat roetes.</p> <p>1.2.5 "Buzzer" beteken die klank sein toestel wat geïnstalleer is om die gebruiker te herinner om die Besigheid / Privaat afstandbeheer knoppie te druk.</p> <p>1.2.6 "CPA" beteken die Wet op Verbruikersbeskerming No. 68 van 2008.</p> <p>1.2.7 "CSC" beteken Ctrack Ondersteuning Sentrum, wat insluit 'n verwysing na enige DigiCore Ondersteuning Sentrum.</p> <p>1.2.8 "Data" beteken die hoeveelhede, karakters, of simbole waarop operasies deur 'n rekenaar uitgevoer kan word, wat gestoor en oorgedra kan word in die vorm van elektriese seine.</p> <p>1.2.9 "Diens" beteken die uiteengesette diens soos in die pryslys aan u verskaf en op ons amptelike webwerf en 'Stolen Vehicle Support service' soos gelys op die webwerf.</p> <p>1.2.10 "Diensverskaffer" beteken DigiCore Holdings Beperk (Registrasienuommer 1998/012601/06) of enige van sy filiale in die aansoekvorm genoem, waarvan die filiaal die kontrakterende party namens die Diensverskaffer sal wees.</p> <p>1.2.11 "Filiaal" beteken of "Ctrack South Africa (Pty) Ltd" (registrasie nommer 1997/016952/07) of "Ctrack Fleet Management Solutions (Pty) Ltd" (Registrasie nommer 2000/023671/07) of "Ctrack Mzansi" (Registrasie nommer 2000/025730/07) of "Ctrack Insurance Telematic (Pty) Ltd" (Registrasie nommer 2009/001049/07).</p> <p>1.2.12 "Gebied" beteken die Republiek van Suid-Afrika.</p> <p>1.2.13 "Gematigde gebruikers" beteken daardie persone wat deur die kliënt gemagtig word om alle dienste wat aangebied word deur die produk te gebruik en om kennisgewings van enige alarm/s te ontvang ten opsigte van die voertuig waarvoor die dienste bekom is.</p> <p>1.2.14 "GPRS" beteken Algemene Pakket Radiodienste of "General Packet Radio Service".</p> <p>1.2.15 "GSM Diens" beteken die diens gelewer deur 'n sellulêre diensverskaffer vir die oordrag van plek en spoed data van die produk aan 'n gemagtigde gebruiker se selfoon en die CSC.</p> <p>1.2.16 "Handleiding" beteken die handleiding ten opsigte van die produk wat in terme van hierdie ooreenkoms geïnstalleer gaan word.</p> <p>1.2.17 "Installasie sertifikaat" beteken die sertifikaat uitgereik deur ons installeerder, wat sertifiseer dat die produk suksesvol in jou voertuig geïnstalleer is.</p> <p>1.2.18 "Jy" beteken die kliënt.</p> <p>1.2.19 "Kliënt" beteken die persoon en/of maatskappy en sluit intekenaar in, wie se volle besonderhede in die aansoekvorm aangebring is, waartoe hierdie terme en voorwaardes aangeheg is.</p> <p>1.2.20 "Megagrepe" beteken 'n eenheid van rekenaar geheue of data stoor kapasiteit gelyk aan 'n miljoen grepe.</p> <p>1.2.21 "Ons" beteken die diensverskaffer</p> <p>1.2.22 "Ooreenkoms" beteken hierdie terme en voorwaardes, insluitend die aansoekvorm aangeheg aan hierdie terme en voorwaardes, sowel as enige ander bylae, wat van tyd tot tyd opgeneem word met verwysing na hierdie ooreenkoms.</p> <p>1.2.23 "Paniek knoppie" beteken daardie toestel wat geïnstalleer is om die gebruiker toe te laat om ons in kennis te stel van 'n noodgeval.</p> <p>1.2.24 "Produk" beteken die Ctrack stelsel wat in jou voertuig, of enige gemagtigde gebruiker se voertuig, geïnstalleer moet word.</p> <p>1.2.25 "SMS" beteken kort boodskap diens 'Short Message Service'.</p> <p>1.2.26 "Subskripsie fooie" beteken die maandelikse bedrag (BTW ingesluit) vooruit betaalbaar deur u vir die diens, soos uiteengesit op die aansoekvorm waaraan hierdie terme en voorwaardes aangeheg is, wat insluit die inteken, SMS, Data en Algemene Pakket Radiodienste Lugtyd (GPRS), soos verskaf deur die Lugtyd diensverskaffer. Wanneer die diens van een van ons voorkeur diensverskaffers beëindig word, sal die gewone Ctrack pryse automaties inwerking tree.</p> <p>1.2.27 "Vals alarm" beteken 'n alarm boodskap gestuur na 'n CSC ten opsigte van 'n paniek alarm, area oortreding of sel/ battery peuter waar so 'n toestand nie 'n werklike noodgeval is nie, en nie jy of enige gemagtigde gebruiker die CSC daarvan in kennis gestel het nie.</p> <p>1.2.28 "Vaste tydperk" beteken die tydperk soos omsluit in die kwotasie, bereken vanaf die aanvangsdatum.</p> <p>1.2.29 "Voertuig" beteken die voertuig waarin die produk geïnstalleer sal word en waarvoor die betrokke diens verskaf sal word.</p> <p>1.2.30 "Voorval" beteken die plaasvind van 'n gebeurtenis wat die terugvind proses inisieer, of 'n ander aksie waarvoor die produk ontwerp is.</p> <p>1.2.31 "Webwerf" beteken: www.ctrack.co.za</p>	<p>TYDPERK</p> <p>2.1 Die volgende klousule 2.1.1 sal slegs van toepassing wees op kliënte wat natuurlike persone is:</p> <p>2.1.1 Hierdie ooreenkoms tree in werking op die aanvangsdatum en sal voortduur vir die periodes soos ooreengekom in die kwotasie vanaf die aanvangsdatum. 40 (VEERTIG) besigheidsdae voor die vervaldatum van die vaste termyn van die ooreenkoms, sal ons jou skriftelik in kennis stel, of op enige ander aangetekende wyse, van die naderende vervaldatum van die vaste termyn, insluitend die verskaffing van 'n kennisgewing van (i) enige wesentlike veranderinge wat van toepassing sal wees indien die ooreenkoms hernu word, of dalk anders voortgaan verby die vervaldatum en (ii) die opsies wat beskikbaar is vir jou soos verwys onder klousules 2.1.1a en 2.1.1b, wat soos volg is</p> <p>2.1.1a Jy kan ons inlig om die ooreenkoms te beëindig op die verstrykingsdatum van die vasgestelde tydperk; of</p> <p>2.1.1b Jy kan saamstem om 'n nuwe ooreenkoms aan te gaan vir 'n verdere vaste periode soos omsluit in die nuwe kwotasie, onderhewig aan nuwe terme en voorwaardes en subskripsie fooie.</p> <p>2.2 Die volgende klousules 2.2.1 en 2.2.2 sal slegs van toepassing wees op kliënte wat natuurlike persone is:</p> <p>2.2.1 Indien jy die ooreenkoms will kanselleer voor die verstryking van die vasgestelde tydperk, moet jy ons 20 (TWINTIG) besigheidsdae skriftelike kennis gee van sodanige kansellering en jy sal aanspreeklik wees vir:</p> <p>2.2.1a Enige bedrae deur u aan ons verskuldig, in terme van die ooreenkoms tot die datum van diensbeëindiging; en</p> <p>2.2.1b 'n Redelike kansellasieboete ten opsigte van goedere en dienste deur ons aan u verskaf, waarvan die Kansellasieboete deur ons bereken sal word in ooreenstemming met die toepasslike wetgewing en waarvan ons jou in kennis sal stel.</p> <p>2.2.2 Enige bedrae verskuldig in terme van klousule 2.2.1a en 2.2.1b sal ten volle verskuldig en betaalbaar wees, vry van enige aftrekkings of skuldvergelyking, op die verstryking van die 20 (TWINTIG) besigheidsdae kennisgewing soos deur jou aan ons gegee.</p> <p>2.3 Die volgende klousule 2.3.1 sal slegs van toepassing wees op kliënte wat nie onderhewig is aan CPA nie:</p> <p>2.3.1 Die ooreenkoms tree in werking op die datum van die installasie van die produk en sal vir 'n vaste tydperk van 36 (SES EN DERTIG) maande vanaf die installasie datum wees, waarna dit onbepaald sal voortduur, in ooreenstemming met hierdie terme en voorwaardes, tensy en totdat dit beëindig word deur enige party op die gee van 3 (DRIE) maande vooraf skriftelike kennisgewing aan die ander party, alternatiewelik, as jy besluit om 'n nuwe ooreenkoms aan te gaan vir 'n verdere vaste tydperk van 36 (SES EN DERTIG) maande, onderhewig aan nuwe terme en voorwaardes en subskripsie fooie.</p> <p>3 SUBSKRIPSIE FOOIE</p> <p>3.1 Maandelikse subskripsie fooie is maandeliks vooruit betaalbaar.</p> <p>3.2 Jy moet die maandelikse subskripsie fooie vooruit betaal deur middel van 'n direkte bank debietorder, soos spesifiek ingestem deur u in die aansoekvorm. Indien daar enige agterstallige gelde is buite die bepalings van die ooreenkoms, word magtiging hiermee verleen aan ons om die agterstallige balans deur middel van direkte debietorder te vorder.</p> <p>3.3 Die subskripsie fooie betaalbaar is onderhewig aan 'n jaarlikse eskalering van 10%, indien u 'n natuurlike persoon is. All ander kliënte se eskalering is gekoppel aan die persentasie soos goedgekeur in die verkope kwotasie U word versoek om 'n vooraf bestelling te voorsien ten opsigte van die maandelikse subskripsie fooie vir die termyn van die ooreenkoms, indien u nie 'n natuurlike persoon is nie.</p> <p>3.5 Enige bedrae wat nie betaal is teen die betaaldatum nie, sal betaalbaar wees soos uiteengesit in klousule 13 hieronder.</p> <p>3.6 In die geval dat iemand anders jou subskripsie fooie betaal, sal die verpligting nog steeds op jou wees om te verseker dat die betaling van die subskripsie fooie op tyd betaal is. Jou plig om subskripsie fooie te betaal sal nie beperk word omdat iemand anders dit vir jou moet betaal en vanwee hulle versuim om jou subskripsie fooie te betaal nie, jy sal dan dit self moet betaal</p> <p>3.7 Jy stem saam dat die bedrag soos vervat in 'n belastingfaktuur, uitgereik deur ons, onmiddellik verskuldig en betaalbaar is deur jou, vry van enige voorwaardes, in kontant op die datum van installasie of, as jy 'n krediet goedgekeurde kliënt is, binne 30 (DERTIG) dae vanaf die einde van die maand waarin die belastingfaktuur deur ons uitgereik is.</p> <p>3.8 Daar is geen verlenging van tyd vir die betaling van subskripsie fooie, of enige ander bedrae verskuldig aan ons tensy skriftelik ooreengekom deur ons.</p> <p>3.9 Jy mag nie die betaling van enige bedrag verskuldig aan ons in terme van hierdie kontrak terughou vir enige rede en geen uitstel vir betaling van enige bedrag is bindend, tensy skriftelik ooreengekom deur ons.</p> <p>3.10 Jy is nie geregtig om skuldvergelyking toe te pas nie en enige bedrag wat ons moontlik aan u verskuldig mag wees af te trek van die bedrag wat u ons skuld nie.</p> <p>3.11 Jy stem saam dat 'n sertifikaat uitgereik en onderteken deur enige van ons direkteure, bestuurders of ons behoorlik aangestelde ouditeure, wat kan verander van tyd tot tyd, sal voldoende bewys wees van jou skuld op die datum waarop sodanige sertifikaat uitgereik is. Ons direkteure, bestuurders of ouditeure hoef nie skriftelike bewys te lewer van volmagte nie.</p>
--	--

Volle naam van ondertekenaar en Aanwysing

Datum

Aanvaarding geteken deur
of namens die kliënt

- 3.12 Enige uitdruk van rekenaar bewyse aangebied deur ons sal toelaatbare getuienis en bewyse wees en jy sal nie in staat wees om beswaar te maak daarteen bloot op grond daarvan dat sodanige getuienis rekenaar bewyse is of dat daar nie voldoen is aan die vereistes van die Elektroniese Kommunikasie en Transaksies Wet 25 van 2002.
- 4 BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID, ERKENNING DEUR DIE KLIËNT**
- 4.1 Sover as wat ons die produkte en/of SIM-kaart lewer en/of installeer, word jy in kennis gestel van die feit dat hierdie produkte, SIM-kaarte en/of dienste kan ly tot skade aan jou voertuig en/of tot die stelsel mislukking van die voertuig se elektroniese komponente.
- 4.2 Ons sal sorg neem om te verseker dat alle redelike pogings aangewend word ten opsigte van die produk en die diens wat ons aan u lewer, maar so 'n produk en diens kan beïnvloed word deur faktore buite ons beheer. Ons gee dus nie enige waarborg of aanvaar nie enige aanspreeklikheid vir enige foute voortspruitend uit die voorsiening van die diens wat as gevolg van enige nalatigheid aan ons kant of enige skade, insluitend enige verlies van wins, besigheid of inkomste of enige gevolglike verlies gelyk deur jou as gevolg van 'n fout van die produk tot gevolg het nie.
- 4.3 Terwyl sorg geneem sal word deur ons met die installasie van die produk, sal geen aanspreeklikheid van enige aard aanvaar word deur ons ten opsigte van enige skade aan die voertuig as gevolg van sodanige installasie van die produk in die voertuig, voor of na die installasie, tensy aangeteken op die installasie sertifikaat. Dit word verder aangeteken dat die vrywaring hierin verwys na enige skade van watter aard ookal, wat voortspruit uit die dienste gelewer, hetsy dit vermoënskade en/of persoonlike besering tot gevolg het.
- 4.4 Sover as wat ons as 'n verskaffer geag mag word van die produkte en/of SIM-kaarte wat gebruik word in die werking daarvan, is ons vrygestel van aanspreeklikheid met betrekking tot enige skade aan eiendom en/of ekonomiese verlies wat u mag ly as gevolg van enige fout en/of gebrek in die goedere en/of dienste wat gelewer word.
- 4.5 As jy die immobilisasie opsie gekies het, erken jy dat nie ons, ons filiale of werknemers aanspreeklikheid aanvaar van enige aard nie, ongeag hoe dit ontstaan, ten opsigte van enige eis, skade, verlies of uitgawe wat direk of indirek mag ontstaan as 'n gevolg van die funksionering, nie-funksionering, fout of onklaar raak van die immobilisasie funksie.
- 4.6 Waar die gesteelde voertuig ondersteunings diens geaktiveer word, erken u dat ons nie waarborg dat in die geval van 'n voorval, ons jou voertuig sal opspoor nie. Ons waarborg egter dat ons, ons beste en redelike poging om jou voertuig op te spoor, sal benut. Jy erken verder dat 'n opsporing afhanklik is van verskeie faktore buite ons invloed.
- 4.7 Waar die kamera produk gekies word, erken u dat nie ons, ons filiale of werknemers enige aanspreeklikheid aanvaar van enige aard, ongeag hoe dit ontstaan, ten opsigte van enige eis, skade, verlies of uitgawe wat direk of indirek mag ontstaan as gevolg van of gedurende die installasie proses, aangesien die proses vereis dat daar geboor word in die voertuig in.
- 5. JOU VERANTWOORDELIKHEID**
- 5.1 Terwyl ons, ons beste sal probeer om te verseker dat jy ingelig word via SMS van enige fout opgespoor op jou eenheid deur ons, sal jy aanspreeklik wees om te verseker dat die produk behoorlik funksioneer en behoorlik opgestel is deur die uitvoering van 'n toets van die status van die produk en/of paniek alarm op die produk (waar 'n paniekknoppe geïnstalleer is), nie minder nie as een keer elke 3 maande. U is verantwoordelik om u eie instellings op datum te hou met relevante inligting ten alle tye. Daar sal geen bykomende koste vir jou wees wanneer jy hierdie toets uitvoer nie, en jy moet die volgende prosedures volg om die toets te doen:
- 5.1.1 Jy moet ons CSC bel om hulle in te lig dat 'n toets van die produk en/of paniek alarm status op die produk deur jouself uitgevoer gaan word;
- 5.1.2 Ons sal jou binne 24 uur in kennis stel, via SMS van die produk en/of paniek alarm status van die produk; en
- 5.1.3 Indien die uitslag van hierdie toets dui dat die produk en/of paniek alarm op enige manier nie behoorlik funksioneer nie, en/of moontlik foutiewelik is, sal dit jou verantwoordelikheid bly om te verseker en te reël dat die voertuig waarin die produk geïnstalleer is, beskikbaar gestel word vir herstel deur ons, waartydens herstelwerk in ooreenstemming met ons standaard beleid gedoen sal word.
- 5.2 Jy is ook verantwoordelik om te verseker dat as jy 'n SMS ontvang van ons af, wat adviseer dat 'n fout op die eenheid gevind is, dat jy so gou as moontlik nadat die SMS ontvang is, ons sal kontak om te reël vir die herstel van die eenheid.
- 5.3 Dit is jou verantwoordelikheid om die voertuig vervaardiger van die produk installasie van jou voertuig in kennis te stel indien die voertuig vervaardiger sodanige kennisgewing vereis, ten einde te verhoed dat enige vervaardiger waarborg ongeldig gemaak word.
- 5.4 Wanneer hierdie ooreenkoms beëindig word, sal jy ons toegang gee tot jou voertuig vir die verwydering van die produk eenheid. As jy ons toegang weier sal u aanspreeklik wees vir 'n bedrag gelykstaande aan die koste van die produk.
- 5.5 Jy onderneem om nie met die produk gedurende die tydperk van die ooreenkoms te peuter of verwyder nie, ten einde te verhoed dat die waarborge van die produk in hierdie ooreenkoms ongeldig word.
- 5.6 Jy onderneem om nie toe te laat dat enige verandering of aanhegels aan die produk gemaak word nie, om sodoende te verhoed dat die waarborge van die produk in hierdie ooreenkoms ongeldig gemaak word nie.
- 5.7 Jy onderneem om ons in kennis te stel van enige verandering en/of wysiging aan jou voertuig waarin die produk geïnstalleer is, indien sodanige verandering en/of verandering aan die voertuig in enige manier die wyse waarop die voertuig geïdentifiseer word raak, insluitend, maar nie beperk tot, verandering van registrasienommer, verandering van kleur van die voertuig, verandering van enige relevante komponent voertuig nommer, verandering van die logo vervaardiger se voertuig, ens.
- 5.8 Vir die tydperk van hierdie ooreenkoms stem jy in dat geen derde party, buiten ons toegelaat is om die produk in stand te hou, te diens of herstel nie.
- 6 ONS VERANTWOORDELIKHEID**
- Klousule 6.1 sal slegs van toepassing wees op kliënte wat natuurlike persone of regspersone is wie se bates of jaarlikse omset op die aanvangsdatum, onder die drempelwaarde is soos bepaal deur die Minister in terme van Artikel 6 van die CPA:**
- 6.1.1 Jy is verplig om ons skriftelik in kennis te stel van enige defekte in die kwaliteit van die produk wat deur ons aan jou verskaf is op enige tyd tydens die vasgestelde tydperk van 36 maande, dan sal ons:
- 6.1.1a Enige defek herstel of die eenheid vervang waar die produk foutief is as gevolg van foutiewe komponente, vakmanskap of ontwerp, op voorwaarde dat die herstelwerk gedoen word by een van ons takke of Gemagtigde werksinkels; of
- 6.1.1b Jou die prys wat jy betaal het vir die produk terug betaal, met inagneming van die mate van die defek, solank jy ons binne 6 (SES) maande na die aanvangsdatum ons van die gebrek in kennis gestel het.
- 6.2 Die volgende klousule 6.2.1 sal slegs van toepassing wees op kliënte wat regspersone is, wie se bates of jaarlikse omset op die aanvangsdatum, gelyk aan of meer is as die drempelwaarde bepaal deur die Minister in terme van Artikel 6 van die CPA:**
- 6.2.1 Ons sal, in ons uitsluitlike diskresie, verantwoordelik wees vir die herstel en/of vervanging van die produk of enige deel daarvan teen geen koste aan u, tydens die eerste 12 (twaalf) maande vanaf die datum van installasie indien die produk foutief is as gevolg van foutiewe komponente, vakmanskap of ontwerp, op voorwaarde dat die herstelwerk gedoen word by een van ons takke of Gemagtigde werksinkels en op voorwaarde dat jou rekening nie agterstallig is op die betrokke tyd nie.
- 6.2.2 Indien die diensplan opsie uitgeneem word sal ons, in ons uitsluitlike diskresie, verantwoordelik wees vir die herstel en/of vervanging van die produk of enige deel daarvan teen geen koste aan u, tydens die volle kontrak termyn vanaf die datum van installasie indien die produk foutief is as gevolg van foutiewe komponente, vakmanskap of ontwerp, op voorwaarde dat die herstelwerk gedoen word by een van ons takke of Gemagtigde werksinkels en op voorwaarde dat jou rekening nie agterstallig is op die betrokke tyd nie.
- 6.3 Die kamera produk is onderhewig aan 'n 12 maande waarborg tydperk vanaf die datum van installasie, waar die produk foutief blyk te wees binne die periode as gevolg van foutiewe komponente, vakmanskap of ontwerp, geld dieselfde reëls soos per 6.2.1 hierbo.
- 6.4 Indien dit nodig is dat enige herstel en/of vervanging van die produk gedoen moet word iewers anders as by een van ons takke of Gemagtigde werksinkels, sal jy ons 'n fooi moet betaal vir die opwagting, ten opsigte van die tyd en reiskoste wat deur ons aangegaan word as gevolg van die voorgenoemde gebeurtenis. Ons sal vir jou 'n kwotasie ten opsigte van hierdie koste gee, wat deur u aanvaar moet word voordat enige herstelwerk deur ons gedoen word. As daar egter met die produk gepeuter is, verander is, by 'n botsing betrokke is en/of enige ander skade opgedoen is buite ons beheer, sal u aanspreeklik wees vir die koste van die herstelwerk of vervanging van die produk.
- 6.5 Die volgende is spesifiek uitgesluit uit die herstel / vervangings diens soos verwys na in klousule 6.1,6.2 en 6.3:
- 6.5.1 Alle herstelwerk of instandhouding of diens noodsaak deur enige skade aan die Produk buite ons direkte beheer en omvang van die invloed, insluitend maar nie beperk tot:
- 6.5.1.1 'n daad van God of omstandigheid buite ons beheer;
- 6.5.1.2 alle skade wat veroorsaak word deur 'n foutiewe of valse elektriese toevoer;
- 6.5.1.3 alle skade veroorsaak as gevolg van die direkte of indirekte daad van peuter, vandalisme of kwaadwillige beskadiging hoe ookal veroorsaak;
- 6.5.1.4 alle skade as gevolg van 'n motorongeluk;
- 6.5.1.5 alle skade deur brand, diefstal, of vloed;
- 6.5.1.6 alle skade veroorsaak as gevolg van 'n direkte of indirekte daad van burgerlike of politieke verstoring of enige soortgelyke gebeurtenis;
- 6.5.1.7 alle skade veroorsaak deur enige optrede van enige derde party;
- 6.5.1.8 enige skade wat veroorsaak word as gevolg van die instroming van enige vloeistof in die produk in, indien van toepassing;
- 6.5.1.9 enige vervanging van enige enjin revolusie of ratkas "krag af" toestel insluitende enige "W-terminale" of soortgelyke toestel;
- 6.5.1.10 enige oponthoud, beperking, enjin beheer, enjin afsluit of soortgelyke gebeurtenis as gevolg van die verkeerde gebruik van die produk, soos gedefinieer deur die Maatskappy;
- 6.5.1.11 die verwydering en/of de-installasie of enige soortgelyke optrede vereis, re-installasie en/of skuif van die produk soos vereis of deur die Kliënt versoek;
- 6.5.1.12 regmaak en herwinning van "server" data as gevolg van 'n abnormale gebeurtenis wat sodanige skade of verlies van data veroorsaak;
- 6.5.1.13 waar die produk nie bedryf of onderhou word in ooreenstemming met ons instruksies en/of handleiding nie;

Volle naam van ondertekenaar en Aanwysing

Datum

Aanvaarding geteken deur
of namens die kliënt

- 6.5.1.14 herstelwerk, de-installasies of wysigings wat gemaak is deur ander persone as ons.
- 7 OPSKORTING EN BEËINDIGING VAN DIENS**
- 7.1 Ons kan enige tyd en sonder om enige aanspreeklikheid hoegenaamd op te doen, die diens opskort hetsy in die geheel of gedeeltelik, in die geval van enige een of meer van al die volgende:
- 7.1.1 Tegnie se mislukking van die selfoon-netwerk en/of sy verslagdoenings strukture, veranderinge en/of onderhoud aan die selfoon-netwerk deur die selfoon diensverskaffer en/of as gevolg van enige Regerings en/of regulerende owerheidsbepalings en/of;
- 7.1.2 die Selfoon-netwerk verskaffer ophou om die netwerk aan ons beskikbaar te maak of indien die netwerk nie meer werk vir enige rede en/of
- 7.1.3 jy die operasie instruksies in die handleiding nie navolg nie of versuim om enige betaling van enige paalement daarvan te maak op die betaaldatum en/of;
- 7.1.4 ons verhinder word om die diens te lewer as gevolg van omstandighede buite ons beheer en/of as gevolg van onverwagte gebeurtenisse; en/of;
- 7.1.5 Enige kansellasie van die kontrak deur óf ons of jou, na die aanvanklike kontrak tydperk verstryk het en/of;
- 7.1.6 outomatiese en sonder vooraf kennisgewing aan u, sonder enige aanspreeklikheid aan ons kant, in die geval dat jy die diens op enige wyse gebruik waarop ons, in ons uitsluitlike diskresie, ag dit onvanpas te wees, en jy ons hiermee vrywaar en skadeloos hou teen enige eis wat mag ontstaan teen ons as 'n gevolg van sodanige onbehoorlike gebruik van die diens; en/of outomaties, verder, as jy of die gemagtigde gebruiker die stelsel misbruik, en/of
- 7.1.7 indien u voertuig beskadig is in so 'n mate dat die voertuig nie meer funksioneer nie, maar nie beperk tot, onherstelbare meganiese onklaarraking van die voertuig en onherstelbare skade aan die voertuig as gevolg van 'n ongeluk.
- 8 BYKOMENDE KOSTE**
- 8.1 U sal verantwoordelik wees vir alle bykomende koste ten opsigte van die "de"/re"-installasie/ verwydering van die produk, enige vals alarms, voorval verslae, ens, soos gelys in ons pryslys, wat op aanvraag beskikbaar is en beskikbaar is op die webwerf. Met spesifieke verwysing na vals alarms, is dit aangeteken dat jy aanspreeklik gehou word vir die uurlikse fooi aan ons vir enige vals alarm, bykomend tot enige ander fooi of uitgawe, soos vervat in hierdie ooreenkoms, bereken vanaf die tyd wanneer so 'n alarm aangemeld is by die CSC tot tyd en wyl enige opsporing span gestuur is om die voertuig op te spoor en in kennis gestel is om af te staan. In hierdie verband, sal enige voorval verslag wat deur ons gegenereer word, voldoende bewys wees van die tyd wat 'n voertuigopspringstelsel span (bereken vanaf Reaksie begintyd tot Afstaantyd) gespandeer het, en jy stem saam dat ons jou rekening kan debiteer met die ooreenstemmende ekstra koste.
- 8.2 Jy erken dat 1 (een) opsporing per voertuig per maand gratis is waarna alle opsporings betaalbaar sal wees volgens die pryse soos gelys op ons pryslyste.
- 8.3 Jy erken dat ons dienste nie 'n internasionale area dekkings fasiliteit insluit nie. Dit beteken dat jou voertuig nie deur ons opgespoor kan word as jy die voertuig uit Suid-Afrika uit neem nie. Gevolglik, in hierdie verband sal ons nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade deur jouself gely as gevolg van die neem van die voertuig uit die land uit nie. Indien jy wil hê dat die opsporingsdienste aktief moet wees terwyl jy uit die land is met jou voertuig, kan jy die internasionale area dekkings fasiliteit aktiveer, in welke geval sal jy aanspreeklik wees vir die bykomende koste weens SMS/GPRS-uitsendings ten opsigte van die internasionale area dekkings fasiliteit terwyl jy buite die grondgebied of terwyl jy in die nabyheid van die grens van Suid-Afrika is, soos en wanneer ons deur die diensverskaffer gefaktureer word. Ten einde die internasionale area dekkings fasiliteit te aktiveer, moet jy die volgende doen:
- 8.3.1 Stuur vir ons 'n skriftelike versoek dat die diens geaktiveer moet word. Hierdie versoek moet gerig word aan ons CSC ten minste 48 (AGT EN VEERTIG) uur voor jy die land verlaat; en
- 8.3.2 Sodra jy terugkeer na Suid-Afrika, moet jy ons in kennis stel daarvan sodat ons die fasiliteit kan afskakel. Jy sal verantwoordelik wees vir die bykomende koste wat aangegaan word soos hierbo genoem totdat ons in kennis gestel is om die internasionale area dekkings fasiliteit af te skakel.
- 8.4 Jy kan aanspreeklik gehou word vir die bykomende kostes tot die standaard waarborg se terme en voorwaardes, indien herstelwerk en/of dienste en/of produkte gelewer, geraak word, en indien jy ingelig is van die addisionele kostes, en indien jy, nadat jy ingelig is van sulke kostes, magtiging verleen het vir die werk en/of installasie van produkte. Vir doeleindes hiervan sal dit geag word dat jy die werk gemagtig het om voort te gaan en/of produkte te installeer as jy, of iemand wat jou verteenwoordig, die werkkaart en/of enige ander dokument wat vir ondertekening voorsien is, op die lewering van dienste en/of installasie van die produkte geteken het. Ons sal u voorsien met 'n faktuur ten opsigte van hierdie koste by voltooiing van die werk in ooreenstemming met die werkkaart en/of enige ander dokument soos aangebied aan jou, waarvan die faktuur binne 30 (DERTIG) dae na uitreiking deur jouself betaalbaar sal wees.
- 8.5 Jy sal geregtig wees om die aantal verslae en die aantal SMS boodskappe gestuur te versoek, en het 'n maksimum data-oordrag per maand, soos uiteengesit in die kontrak of handleiding soos die geval mag wees. Enige gebruik van meer as die toelaatbare getal verslae / sms boodskappe / data per maand sal gehef word soos per ons Standaard Tariewe vir sodanige oormatige gebruik, soos gepubliseer deur ons op ons webwerf van tyd tot tyd. Jy sal ook verantwoordelik wees vir enige addisionele maandelikse koste wat aangegaan is op grond van SMS/GPRS-uitsendings in die geval dat jy of enige gemagtigde gebruiker die boodskap-stuur funksie na 'n selfoon aktiveer.
- 8.6 Installasies kan uitgevoer word by jou ligging, 'n Ctrack werkwinkel of een van ons Vennote Werkswinkels. Waar 'n installasie by jou ligging vereis word en die afstand na en van jou ligging is meer as 60km, sal 'n Ctrack kilometer koers gehef word vir die oormatige kilometers afgelê. Installasies van die produk word uitgevoer gedurende normale kantoorure, Maandag tot Vrydag, 08:00 tot 17:00. Enige reëlings buite hierdie ure sal gehef word as oortyd en sal as 'n bykomende koste tot jou rekening gehef word.
- 8.7 In die geval van 'n gebeurtenis waar ons jou voertuig op spoor, en jy kies om nie die voertuig op die toneel af te haal nie, gee jy hiermee behoorlike magtiging dat die diensverskaffer jou voertuig mag wegsleep van die toneel op jou eie risiko, dat jou voertuig op jou risiko gestoor sal word en dat jy aanspreeklik sal wees vir enige stoorkoste ten opsigte van die berging van jou voertuig, wat begin vanaf 48 (AGT EN VEERTIG) uur nadat die voertuig by die stoor perseel afgelewer is. Alle koste in hierdie verband aangegaan sal vir jou rekening wees.
- 8.8 Indien jy van die "Advance Protector / Fleet Protector" diens gebruik maak, is daardie dienste onderworpe aan die terme en voorwaardes vir daardie spesifieke diens soos beskikbaar op ons webwerf
- 8.9 Jy sal geregtig wees op 'n ooreengekome aantal SMS/GPRS per maand om inligting te bekom. Ten opsigte van 'n stelseltoets en in nood situasies, sal fooie gehef word teen die gewone koers deur ons in die geval waar die toelaatbare maandelikse gebruik oorskry word.
- 8.10 Alle stem oproepe gemaak op hierdie kontrak is uitgesluit en oproepe gemaak op SIM-kaarte wat gebruik word in hierdie kontrak sal as bykomende koste gefaktureer word
- 8.11 Alle bykomende koste sal betaalbaar wees deur jou in terme van ons Standaard Tariewe vir enige goedere en dienste gelewer en wat deur ons gehef word aan ons gewone kliënte. Die pryse is verkrygbaar op ons webwerf of kan voorsien word op 'n skriftelike versoek aan ons.
- 8.12 Waar die kameraproduk gekies is, sal die berging van data gehef word per megagreep data.
- 9 SESSIE EN AFVAARDIGING**
- Jy mag nie hierdie produk en/of hierdie kontrak seeder, delegeer en/of op enige ander wyse handel sonder ons vooraf skriftelike goedkeuring nie. Ctrack kan, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring en/of kennisgewing aan die kliënt, enige van sy regte, titel, belange in en om die produk en/of wat voortspruit uit hierdie ooreenkoms, insluitende enige van Ctrack se regte, titel, belange in alle boekskulde en ander skulde en eise van watter aard ookal, hetsy in die hede of in die toekoms verskuldig kan raak aan Ctrack en alle regte van aksies wat daaruit voortspruit, seeder, en oordra.
- 10 WERKING IN GRONDGEBIED**
- Jy erken dat die produk slegs sal funksioneer in die gebied waar 'n GSM netwerk van die GSM diensverskaffer beskikbaar is en 'n sein verkrygbaar is in die gebied waarin die voertuig gebruik word.
- 11 EIENAARSKAP**
- 11.1 Eienaarskap in die gekonnekteerde GSM inskrywing en die SIM-kaart sal altyd vestig en berus by onself en/of die GSM diensverskaffer.
- 11.2 Alle produkte verkoop aan jou sal ons eiendom bly tot en met dit ten volle betaal is deur jou.
- 11.3 Met betrekking tot die huur opsies wat deur die kliënt gekies word, sal eienaarskap by ons bly en niks in hierdie ooreenkoms sal uitgelê word as 'n reg, titel of belang in die produk, deur jou op enige stadium voor of na die aanvanklike vaste tydperk nie.
- 12 ALGEMEEN**
- 12.1 Hierdie dokument bevat die hele ooreenkoms tussen die partye en nie een van hulle sal deur enige onderneming, voorstelling, waarborge, beloftes en dies meer gebind word wat nie hierin voorsien word nie en geen verandering of byvoeging tot hierdie ooreenkoms sal geldig wees tensy deur beide die partye ooreengekom en op skrif geplaas en onderteken word deur jou en 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van ons.
- 12.2 Enige dokument sal geag word as behoorlik aangebied aan en deur jou aanvaar (i) binne 5 (VYF) dae nadat dit met voorafbetaalde geregistreerde pos gestuur is na jou adres wat skriftelik deur jou gekies is in die aansoekvorm, (ii) binne 48 (AGT EN VEERTIG) uur nadat dit gefaks word na enige van jou faksnummers, of (iii) per hand afgelewer word aan u of enige direkteur, lid of eienaar van jou of (iv) binne 48 (AGT EN VEERTIG) uur indien gestuur deur oornag koerier, of (v) binne 7 (SEWE) dae waar gestuur deur gewone pos of (vi) binne 24 (VIER EN TWINTIG) uur waar per e-pos gestuur word aan enige e-pos adres verskaf deur jouself en sluit sms in.

Volle naam van ondertekenaar en Aanwysing

Datum

Aanvaarding geteken deur
of namens die kliënt

- 12.3 Jy aanvaar dat die pryse soos uiteengesit in die aansoekvorm, op ons webtuiste en die terme en voorwaardes soos hierby aangeheg, is onderhewig aan veranderinge sonder verdere kennisgewing en enige veranderinge sal geen effek uitoefen op hierdie terme en voorwaardes nie.
- 12.4 Jy het die adres soos uiteengesit in die aansoekvorm waartoe hierdie terme en voorwaardes aangeheg is, gekies as die adres waar jy enige kennisgewing, wetlike proses of enige soortgelyke dokument sal aanvaar en verder, enige dokument afgelewer of bedien by hierdie adres of na hierdie adres gestuur sal geag word as ontvang en aanvaar te wees deur jou. Indien jy, vir enige rede, nie meer enige kennisgewings, wetlike prosesse of enige soortgelyke dokumente by hierdie adres aanvaar nie, sal jy ons skriftelik in kennis stel van sodanige feit en ons voorsien met 'n nuwe adres waar jy onmiddellik lewering en/of bediening sal aanvaar van sodanige dokumente, met dien verstande dat die adres soos uiteengesit in die voorblad van hierdie dokument jou gekose adres bly tot tyd en wyl 'n bevredigend nuwe adres aan ons verskaf is, wat nie 'n posadres mag wees nie.
- 12.5 Jy stem toe tot die berging en gebruik deur onself van die persoonlike inligting wat jy verskaf het vir die vestiging van jou krediet rekord. Jy gee toestemming dat ons hierdie inligting aan kredietbeheermaatskappye, banke en ander instellings wat betrokke is in die beoordeling van jou krediet, bekend kan maak. Jy stem saam dat ons nie aanspreeklik gehou sal word vir die bekendmaking van enige van hierdie inligting ter goeder trou aan derde partye en dat geen verdere spesifieke toestemming verkry hoef te word vir die oordrag van sodanige inligting aan 'n spesifieke derde partye nie.
- 12.6 Enige bestelling vir die aankoop van die produk is onderhewig aan kansellasië deur ons te wyte aan "dade van God" of enige omstandighede buite ons beheer, insluitend (sonder om hierdie klousule tot hierdie gevalle te beperk) onvermoë om arbeid, krag, materiaal of voorrade te verseker, oorlog, siviele onrus, oproer, noodtoestand,staking, uitsluiting of ander arbeidsdispute, vuur, vloed, droogte of wetgewing.
- 12.7 Elke bepaling van hierdie ooreenkoms is skeibaar van die ander. Indien daar gevind word dat enige spesifieke bepaling van hierdie ooreenkoms ongeldig of onafdwingbaar is vir enige rede wat ook al, dan sal die ander bepalings en klousules van hierdie ooreenkoms steeds bindend bly en voortgaan om van volle krag en effek op die partye te wees.
- 12.8 In terme van Artikel 45 van die Wet op Landdroshof, Nr. 32 van 1944, gee jy hiermee toestemming tot die jurisdiksie van die Landdroshof wat jurisdiksie het in terme van Artikel 28 van die genoemde Wet, ten opsigte van enige aksie teen jou ingestel deur ons in terme van hierdie ooreenkoms. Jy stem saam dat dit heeltemal binne ons diskresie sal wees om voort te gaan met enige regsaksie of stappe in sulke landdroshof of in enige ander Hoër hof wat jurisdiksie mag hê.
- 12.9 Alle regskoste aangegaan deur ons in die handhawing van die bepalings van hierdie ooreenkoms by wyse van hofverrigtinge sal op 'n prokureur en eie kliënt skaal gehê word.
- 12.10 Jy stem toe tot die berging en gebruik deur onself van die data wat verkry word deur die gebruik van die geïnstalleerde produk in jou voertuig. Jy gee verder toestemming dat ons hierdie inligting aan Afriforum beskikbaar mag maak vir moniteringsdoeleindes. Jy stem saam dat ons nie aanspreeklik gehou sal word vir die bekendmaking van enige van hierdie inligting ter goeder trou aan Afriforum en dat geen verdere spesifieke toestemming verkry hoef te word vir die oordrag van sodanige inligting aan Afriforum nie.
- 13 KONTRAKBREUK**
- In die geval dat jy versuim om enige bedrag verskuldig in terme van hierdie ooreenkoms te betaal, of as enige ander bepaling van hierdie ooreenkoms verbreek is en nadat jy kennis daarvan ontvang het vanaf ons en versuim om die oortreding binne 7 (SEWE) dae reg te stel, sal ons geregtig wees:
- 13.1 om onmiddellik optrede teen jou te neem, en om die volle uitstaande balans te eis ten opsigte van enige bedrag waarmee jou rekening agterstallig is op die datum van sodanige oortreding en verder, om die uitstaande balans ten opsigte van enige onvoltooide gedeelte van die vaste termyn te eis, of
- 13.2 die ooreenkoms te kanselleer, dadelik die dienste te beëindig en besit te neem van enige goedere gelewer aan jou en skadevergoeding te eis. Hierdie remedies is sonder benadeling van enige ander regte waarop ons geregtig kan wees in terme van hierdie ooreenkoms, of in terme van wetgewing of gemenerereg.
- 13.3 om enige instruksie vir die aankoop van die produk te kanselleer as jy enige wesenlike bepaling van hierdie ooreenkoms verbreek of enige poging om te skik in terme van 'n kompromie, likwidasië bevel, sekwestrasie bevel, beëindiging van die ooreenkoms of vonnis teen jou verkry of ingevolge artikel 129 van die Maatskappywet 2008 begin met ondernemingsreddingsverrigtinge.
- 14 SAGTEWARE**
- As jou keuse van produk sagteware insluit, sal ons, ons standaard aanlyn sagteware installeer en in stand hou, vir een kliënte gebruiker tensy anders gekies op hierdie dokument. Hierdie sagteware kan afgelaai word van ons webwerf teen geen bykomende koste vir jouself.
- Daarbenewens sal ons opleiding verskaf vir een sagteware gebruiker. Alle sagteware is gelisensieer deur ons en die gebruik van al die sagteware word gereguleer deur ons sagteware lisensie-ooreenkoms, wat beskikbaar is op skriftelike versoek aan ons of op ons webwerf. Enige bykomende sagteware installasie sal afsonderlik gekwoteer word.
- 15 AFKOEL**
- 15.1 As jy 'n natuurlike persoon of regspersoon is wie se bates of jaarlikse omset op die aanvangsdatum, onder die drempelwaarde is soos bepaal word deur die Minister in terme van Artikel 6 van die CPA, kan jy hierdie ooreenkoms kanselleer in die geval dat hierdie ooreenkoms voortspruit van enige direkte bemerking soos beoog in die CPA, sonder die verskaffing van enige redes of aangaan van enige strafbepaling, deur ons skriftelik kennis te gee binne 5 (VYF) dae na die latere datum waarop:
- 5.1a Hierdie ooreenkoms onderteken is; of
- 15.1b Die produk in jou voertuig geïnstalleer is, waarna ons enige betaling wat ontvang is binne 15 (VYFTIEN) werksdae vanaf ontvangs van jou voormelde kennisgewing van kansellasië sal terugbetaal as:
- 15.2a As die produk nie in jou voertuig geïnstalleer is nie of
- 15.2b na verwydering / de-installering van die produk.
- 16 INSPEKSIE VAN GOEDERE**
- Jy het ingestem om die goedere te koop en/of te installeer slegs op die basis van die beskrywing daarvan en word dit aangeteken dat hierdie goedere, in alle wesenlike opsigte en eienskappe, ooreenstem met die beskrywing en/of voorbeeld daarvan.
- 17 VERSEKERING VAN EENHEID**
- Jy word hiermee in kennis gestel dat dit jou verantwoordelikheid bly om te verseker dat die produk ten alle tye volledig verseker is teen diefstal, skade of enige ander verlies waarvoor nie voorsiening gemaak is in terme van die onderhoudsklousule nie.
- 18 KREDIET ASSESSERING**
- 18.1 Jy erken en stem saam dat ons stappe geneem het om te evalueer: dat jy in die algemeen die kostes en risiko's wat verband hou met hierdie kontrak verstaan en begryp;
- 18.1.1 hoe jou geskiedenis van skuld terugbetalings reflekteer;
- 18.1.3 wat jou bestaande finansiële middele, vooruitsigte en verpligtinge is;
- 18.2 Ons het op grond van die inligting wat verskaf is en voorstellings wat deur jouself gemaak is, in verband met die sake wat in hierdie ooreenkoms uiteengesit is, onself tevrede gestel dat jy in staat is om jou finansiële verpligtinge na te kom in terme van hierdie ooreenkoms en dat jy verstaan en waardeer wat die koste en risiko's is wat verband hou daarmee.
- 18.3 Jy erken dat ons hierdie kontrak met jou aangegaan het op die krag van die finansiële inligting/voorstelling deur jou verskaf.
- 19 BORGSKAP**
- Deur my handtekening hierby, verbind ek myself hiermee gesamentlik en afsonderlik aan die maatskappy of persoon namens wie ek teken as borg en mede-hoofskuldenaar in solidum met elk van die ander van ons en ek erken dat ek aanspreeklik gehou kan word vir die stiptelike betaling en prestasie deur die maatskappy of persoon namens wie ek teken, ten gunste van die diensverskaffer van alle skulde en verpligtinge van watter aard ookal wat voortspruit, insluitende die betaling aan die diensverskaffer van alle en enige bedrae wat te enige tyd verskuldig mag raak deur die maatskappy of enige ander persoon ongeag waaruit dit voortspruit. As deel van my verpligting in terme hiervan, erbind ek myself soos voormeld om die bedrag van alle kostes, heffings en uitgawes van watter aard ookal, maar sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorafgaande, insluitende regskoste, asook opsporingsfooie en invorderingskommissie wat die diensverskaffer kan aangaan in die beveiliging of pooging om die vervulling te beveilig van enige van die verpligtinge van die kliënt in terme van die ooreenkoms. Hierdie borgstelling sal in volle krag en effek en bindend op my bly, ondanks die feit dat dit dalk nie geteken is deur ons almal nie en ondanks enige uitsonderingsorde, uitwinning, afdeling, sessie van aksie en alle of enige uitsonderings wat dalk gepleit kan word om enige eis deur die diensverskaffer teen my met die betekenis, krag en effek van wat ek verklaar myself ten volle vertrou te wees. Ek stem verder toe dat die diensverskaffer geregtig is om teen my in enige hof 'n eis in te stel. As verdere sekuriteit vir die skuld seeder ek, ten gunste van die diensverskaffer, as sekuriteit vir enige sodanige skuld, my reg, titel en belang om die betaling van alle aanspraak en enige bedrae wat nou of in die toekoms verskuldig mag raak aan my deur die kliënt van enige oorsaak van skuld en wat uit watter aard ookal voortspruit.

Volle naam van ondertekenaar en Aanwysing

Datum

Aanvaarding geteken deur
of namens die kliënt